

**9 April**

**Skrifgedeelte: Romeine 8**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:1**

### **Kan gelowiges nog onder die oordeel van God te staan kom?**

'n Bybelstudiegroep het by geleentheid gevra of gelowiges nog onder die oordeel van God te staan kan kom.

Die rede vir hulle vraag was dat hulle duidelik kon sien dat gelowiges steeds sonde doen. Natuurlik is dit waar. Hoeveel egskeidings is daar nie onder gelowiges nie! Hoe baie haat en onmin, moord met die tong en gierigheid, gedy nie onder gelowiges nie! Hoeveel speel nie die lotto nie? Feit is dat gelowiges gedurig in sonde val. Die vraag is: "Staan gelowiges nog onder die oordeel van God as gevolg daarvan dat hulle gedurig sonde doen?"

Hierdie Bybelstudiegroep het in hulle ondersoek van die Woord van die Here by die wonderlike antwoord van Romeine 8:1 uitgekom:

"Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie."

Nou weet jy egter dat 'n mens nie 'n teks buite sy konteks mag verklaar nie. Romeine 8:1 is in sy konteks een van die wonderlikste Skrifgedeeltes denkbaar.

Kom ons bid dat die Here deur sy Gees die volgende boodskappe vanuit Romeine 8 vir ons sal oopmaak sodat ons met verwondering sal kyk na die grootse verlossing wat daar in Christus Jesus ons Here is.

*Ds JL Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)*